



14 Augustus 2020

ALGEMENE NUUSBRIEF

1. TERUGKEER VAN GRAAD 8-11 LEERDERS

Dit was vir ons heerlik om alle graad 8-11 leerders terug te kan verwelkom by die skool. Ons is werklik dankbaar vir elke Wonnie wat veilig en gesond kon terugkeer skool toe. Graag wil ons u herinner aan die roosterveranderinge soos dit tans is:

Elke voogklas (Graad 8-11) is in twee gedeel. Die leerders kom op alternatiewe dae na die skool. Dit bied die geleentheid dat elke dag kan herhaal, en alle leerders dus elke dag se rooster kan volg. Die beplanning vir die week van 17-21 Augustus is soos volg:

17 Aug: Dag 3 (Groep 2)

18 Aug: Dag 4 (Groep 1)

19 Aug: Dag 4 (Groep 2)

20 Aug: Dag 5 (Groep 1)

21 Aug: Dag 5 (Groep 2)

Onthou ook dat Dag 5 slegs 8 periodes het. Die skool sal dus op 20-21 Aug om 13:20 verdaag.

2. TOEGANG TOT DIE SKOOL

Leerders moet asseblief daarop let, dat sosiale afstande reeds tydens die toegang tot die skool, gehandhaaf word. Verder het dit ook die skool genoodsaak dat geen ouer tot by die hoofhek kan ry om hul kind af te laai nie. Dit sal 'n opeenhoping van motors en leerders veroorsaak en dan sal sosiale afstande nie bestuur kan word nie. Daar is egter ouers wat hierdie reëling verontagsaam. Ons vra u as ouers mooi om die Graad 9- en Graad 12-leerders wat die hoofhek as toegangspunt gebruik, onder by die dienspad/draai in die pad af te laai vanwaar hul oloop na die hoofhek. Geen motorvoertuig van enige ouer sal toegelaat word om tot by die hoofhek te ry nie. Baie dankie dat u ons ook hierin sal ondersteun.

3. TOETSE EN FORMELE ASSESSERINGS

Die Departement van Onderwys het nuwe kurrikulumvoorskrifte uitgereik. Die voorskrifte dui aan hoe die leerders (Graad 8-11) se finale punte vir die jaar hanteer gaan word. Elke departement is besig om hierdie punte vir u uiteen te sit. Ons sal dit dan op die webwerf plaas, sodat u as ouer ook ingelig is oor die punteverspreiding.

Daar gaan beslis 'n eindeksamen in elke vak wees. Die jaarpunt sal uit verskeie opdragte/toetse/take ens. bestaan. Van hierdie toetse en take is reeds in die grendeltyd hanteer. Indien u kind enige van dié opdragte nie gedoen het nie, moet hul met die personeellid reël ten einde dit so spoedig moontlik te voltooi.

4. GOOGLE CLASSROOM

Alle leerders in die skool het nuwe intekennamen (@wonnies adresse) ontvang wat binne die G-suite gaan funksioneer. Dit beteken dat alle vorige gmail-adresse vanaf 19 Augustus nie meer sal kan werk nie.

5. REKORD- EN EINDEKSAMEN (GRAAD 12)

Die rekordeksamenroosters is uitgedeel. Graad 12-leerders sal skool bywoon tot 19 Augustus, waarna hul bloktyd begin. Dit is egter baie belangrik dat die skool konstant bewus is van enige gevalle van Covid-19 tydens die rekordeksamen. Indien 'n situasie ontstaan waar daar te veel leerders in isolasie geplaas moet word, sal daar skuiwe aan die rekordeksamenrooster moet plaasvind ten einde alle vraestelle te kan afhandel. Die Graad 12-leerders se jaarpunte moet reeds teen 8 Oktober by die Departement van Onderwys wees. Dit is dus belangrik dat leerders beseft dat hul vanaf Maandag 5 Oktober gaan moet terugkeer skool toe. Dit is die enigste geleentheid wat personeel gaan hê om die rekordvraestelle met leerders deur te gaan voordat die finale punte ingegee word. Alle leerders skryf ook op 19 Oktober hul finale LOR-vraestel.

Die eindeksamenrooster is deur die Departement van Onderwys vrygestel. Leerders wat praktiese aspekte van vakke moet afhandel, sal dit reeds in Oktober doen, terwyl die skryfvraestelle in al die vakke op 5 November begin en eindig op 15 Desember.

6. UITTEKEN VAN LEERDERS

Weens die feit dat alle Wonnies nou terug is by die skool, wil ons graag weer die reëlings rakende die uitteken van leerders deurgee. Tans mag daar geen besoekers op die skoolterrein toegelaat word, sonder vooraf toestemming vanaf die Departement van Onderwys nie. Die volgende prosedure sal dus geld, indien u, u kind dringend moet uitteken:

- 1.1 U moet verkieslik voor 8:00 die oggend 'n e-pos na ontvangs@wonnies.co.za, stuur waarin u toestemming vra vir die vroeë uitteken van 'n leerder.
- 1.2 Verskaf u ID-nommer, vir kontrole op die stelsel.
- 1.3 Die rede vir die uitteken moet aangedui word: Slegs ernstige- en noodsituasies, sal toegestaan word.
- 1.4 Dui ook die leerder se volle name en klas aan.
- 1.5 Dui laastens ook die tyd aan wat die leerder gehaal sal word.

U rapporteer dan by die hekwag met u ID-dokument. Die leerder sal 10 min voor die aangewese tyd, uit die klas geroep word en 'n uitteken-kaartjie ontvang. Die leerder sal dan self die kaartjie ingee by die hekwag, wat die inligting kontroleer met u ID-dokument, waarna u die leerder buite die skoolterrein ontvang.

7. BORG - KLREBANK

Graag wil ons **sCOOL STUFF** bedank vir die groot borg van klere vir ons klerebank. Na die brand was daar werklik 'n behoefte vir leerders wat klere kort en ons is bevoorreg om so 'n bydrae van u af te ontvang.

Ook baie dankie aan elke leerder, HTS John Vorster en elke Wonnies-ondersteuner wat vir ons voorraad en donasies vir die klerebank gestuur het. Dit word opreg waardeer.



8. GRAAD 9-AANLEGTOETSE

Die Graad 9-leerders het die geleentheid om op 18-19 Augustus aanlegtoetse by die skool af te lê. Dit is baie belangrik ten einde sinvol vakkeuses te kan voltooi. Indien u kind deel wil wees van dié toetsing moet u asseblief dringend 'n boodskap na mnr. Deysel stuur:
Telefoonnommer: 079 513 4917

9. NUWE BEHEERLIGGAAMLID

Baie geluk aan mnr. Henry van der Walt wat verkies is tot die Beheerliggaam. Baie dankie vir u bereidwilligheid om ook ons skool op so 'n wyse te dien.

Winnie-groete



M LEZAR
SKOOLHOOF